

Hoofstuk van die dag: Job 15

> *Beteken die troos wat van God kom, vir jou niks, die woorde wat met soveel deernis tot jou gerig is? (vers 11)*

Elifas praat nou uit die hoogte met Job. Daar is nie ’n sweempie van deernis in sy woorde nie; net verwyte en oordeel. Wat hom so kwaad maak, is dat Job sy raad verwerp, terwyl hy van mening is dat hy as ’t ware met die stem van God self

praat (vers 11). Hy is sarkasties en beledigend, maar het eintlik niks nuuts om by te voeg by sy eerste toespraak nie.
Sy slotsom is dat Job afstuur op ’n droewige, troostelose einde onder God se oordeel omdat hy God uitgedaag het en hom verset het teen die Almagtige (vers 25).
Een van die moeilikste lesse om te leer, is dat jy nie altyd reg is nie, of die enigste een is wat ’n geldige standpunt het nie. Dit was Elifas se probleem, en daarom was hy hoogmoedig en te selfversekerd oor wat hy dink hy weet.
Wanneer jy iemand wil troos of moed inpraat, móét jy ruimte daarvoor laat dat daardie persoon nie noodwendig met jou sal saamstem nie. Om dan kwaad te word soos Elifas, help niks. Hy het nóg troos nóg hoop vir Job gebied.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026